Verwysing 20170524-1244
12/2/2/3/38
Navrae: G van Wyk

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0012/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir Grondslagfase, Prinsipale van openbare skole en Departementshoofde vir Grondslagfase by openbare skole

Onderwerp: Inkrementele Invoering van Afrikatale (IIAL) in 2018

1. Die Departement van Basiese Onderwys het in 2013 planne aangekondig om die Inkrementele Invoering van die Afrikatale (IIAL-) -program bekend te stel.

2. Die IIAL is 'n prioriteitsprogram wat daarop gemik is om sosiale samehorigheid in ons samelewing te bevorder. Dit is ook daarop gemik om voorheen gemarginaliseerde amptelike Afrikatale te bevorder en te ontwikkel, soos onderskryf in die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en die Nasionale Ontwikkelingsplan.

3. Die IIAL-program word vanaf graad 1 op Tweede Addisionele Taal (TAT-) -vlak aangebied.

   "Die fokus op die blootstelling aan Tweede Addisionele Taal is op die ontwikkelende leerder se vermoë om die taal te verstaan en te praat – basiese interpersoonlik kommunikasie vaardighede." (National Curriculum Statement: Curriculum and Assessment Policy Statement, 2016).

   Assesseringspraktyke in die TAT behoort informeel en deurlopend te wees en sal nie vir vordering en bevordering in ag geneem word nie.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het in 2014 tot 2016 die IIAL-program (isiXhosa as 'n TAT) in 10 skole begin en geïmplementeer. Daar word egter steeds van die WKOD verwag om teen 2018 die IIAL-program by ongeveer 900 skole te implementeer.

5. Daar word van alle skole, wat tans nie voorheen gemarginaliseerde amptelike Afrikatale aanbied nie, verwag om die IIAL teen 2018 te implementeer. Weens huidige begrotingsbeperkinge ondersoek die WKOD innoverende maniere om die implementering van die IIAL-program te ondersteun en aan implementeringsdoelwitte te voldoen.

6. Die doel van hierdie kennisgewing is dus om alle skole, wat tans nie isiXhosa TAT in die grondslagfase (GF) aanbied nie en skole wat tans isiXhosa as 'n buitemuurse vak aanbied, te nooi om die IIAL (isiXhosa TAT) te implementeer deur hul bestaande Engels- of Afrikaans-onderwysers te gebruik.

7. Daar sal van skole, wat bereid is om die IIAL-program te implementeer, verwag word om:
   - toegang te hê tot digitale hardeware (rekenaar, dataprojektor);
   - die graad 1-rooster met 30 minute per dag te verleng; en
   - voort te gaan om ná 2019 isiXhosa TAT in graad 2 aan te bied en die vak elke jaar inkrementeel aan die volgende graad bekend te stel.

8. Die WKOD sal die volgende aan skole verskaf:
   - leer- en onderrigondersteuningsmateriaal;
   - opleiding en beplanning vir onderwysers in die eerste kwartaal van 2018; en
   - deurlopende ondersteuning daarna.

9. Let asseblief daarop dat geen bykomende befondsing vir onderwysers deur die WKOD voorsien sal word nie.

10. Skole wat bereid is om dit te doen, moet asseblief die aangehegte vorm invul en dit teen 25 Augustus 2017 na nontsikelelo.nyamza@westerncape.gov.za stuur. Verdere korrespondensie oor die pad vorentoe sal voor die einde van die derde kwartaal na hierdie skole gestuur word.

11. Rig asseblief alle navrae aan me Nyamza by tel. no. 021 467 2727 of e-pos nontsikelelo.nyamza@westerncape.gov.za.

12. Prinsipale word versoek om hierdie minuut met die betrokke personeel en lede van die beheerliggaam te bespreek.

13. U ondersteuning vir hierdie belangrike en transformasionele program word opreg waardeer.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-07-10